# Gebedsbrief

*... een in liefde, een van hart, een in strewe*



## Kom ons word stil

### Die Pad van Wysheid en Lewe
### Spreuke 2

**Die enigste manier om die regte bestemming te bereik is om die regte pad te kies.**

Die Bybel moedig ons baie keer aan om die regte pad te kies, maar die wêreld dink daar is baie weë na God en dat enige pad wat jy met erns volg, jou uiteindelik by God sal bring.

Jesus maak dit baie duidelik dat in hierdie lewe ons **net een van twee paaie** kan neem, en elkeen van hulle lei na **'n ander bestemming.** Elkeen moet kies of hy die oorvol pad wil kies wat na die verdoemenis lei of die smal pad wat na die lewe lei. *Daar is geen middeweg nie*.

***Wysheid is nie net 'n persoon wat ons moet liefhê nie, maar ook 'n pad wat ons moet loop.***

Indien jy wysheid wil hê, moet jy -

***aandagtig na God luister, Hom nederig gehoorsaam,***
***ernstig vra en ywerig soek, soos 'n myner soek na silwer en goud.***

Om wysheid te bekom is nie iets wat ons een keer per week kan probeer doen nie. Dit moet ons daaglikse dissipline wees. Ons lewe egter in 'n era van mikrogolf oonde, kitskosse en baie "doen dit maklik" boeke. Daarom het min mense die behoefte om **diep te delf** in die Woord en van God te leer. Televisie het die aandagspan verkort, godsdienstige ontspanning word vir aanbidding voorgehou en maak dat die geestelike aptyt vlak is. Geen wonder dat min mense tyd maak om heilig te lewe en dat meer en meer mense prooi van die duiwel word.

Mense is bereid om hard te werk in hulle werk omdat hulle 'n salaris verwag, maar lê hulle hulleself ook toe om die geestelike rykdom te verkry? Dit is immers meer werd as goud, silwer en juwele en sal hou vir ewig. Daar is 'n prys wat betaal moet word om geestelike wysheid te kry, maar daar is 'n hoër prys wat ons sal betaal as ons dit nie kry nie. **Ons moet met God wandel deur die bestudering van Sy Woord.**

Op hierdie pad ontmoet ons die "bose man" en die "snaakse vrou", twee mense wat baie gevaarlik is en poog om die kinders van God van die pad af weg te trek. Die bose man is bekend vir sy bose woorde. Hy wandel in die duister van ongehoorsaamheid aan God en geniet om sy bose dinge te doen. Die persoon wat in wysheid wandel sal dadelik die boosheid sien en hom vermy.

Die snaakse vrou is die egbreekster. Sy gebruik verleidelike woorde, woorde wat manipuleer, sy vertel vir mense wat hulle graag wil hoor, maar wat hulle weet nie waar is nie. Sy het geen respek vir God nie, sy breek Sy wet en het geen respek vir haar man nie want, sy verbreek al die beloftes aan hom gemaak. Enige een wat na haar luister is op pad na die begrafplaas.

Die bose mag dalk suksesvol lyk, maar sy einde is verwoesting (Ps 73). Die goddelike is gewortel in die goedheid van God (Ps 1:3), maar die goddelose sal uitgepluk word.

***Die veiligste en mees bevredigende pad is die pad van wysheid,***
***die pad van die lewe.***

Adullam Sending Posbus 7077 Secunda 2302 Mpumalanga SUID AFRIKA Tel (017) 6892001/4 Faks (017) 6892018

**Uitgawe: November '10**

# Sendelinge

## Thys en Antonette

*Ek lees nou Moody se storie vir die kinders in die aand en vanaand se hoofstuk was "God's Fire", sy oomblik van deurbraak tot algehele oorgawe, en die volheid met die Gees. Wat kan ons daarsonder doen? Verder lees ek ook "The Generals". Veral vandag terwyl ek in Brest gewag het vir herstelwerk aan die bus, het ek klaargemaak met Knox en met Fox begin. Die manne laat 'n mens ongelooflik lou voel. Ek het nog 'n drastiese"mind-change" nodig. Mag God my genadig wees.*

*Na aanleiding van Adullam se onlangse waterkrisis, het ek so aan Moody se woorde gedink: na sy vervulling, het hy besef hy het al die tyd self water aangedra, maar daarna het hy 'n rivier gehad wat hom gedra het.*

***Thys Theron***

Die Theron gesin doen al vir die afgelope 16 jaar sendingwerk in Rusland.

Bid saam:

- Bekerings
- Gesondheid

## Lourens en Marie Laureti

Die Laureti's woon die afgelope 3 jaar in Papua New Guinea en werk die afgelope 2 jaar onder die Mengen mense van Papua New Guinea. Deur die Here se genade is daar 'n groepie mense wat tot bekering gekom het, nadat die Evangelie in kronologiese volgorde aan hulle gebring is. Onlangs is die eerste gelowiges onder die Mengen taalgroep gedoop. As gevolg van hulle nuwe geloof in Christus, ervaar sommige van hulle ook baie vervolging.



**Laureti's op lughawe in Perth,
7 Oktober 2010 oppad na Suid-Afrika**

***Lourens skryf in 'n onlangse brief:***

***<u>Persevering through persecution is paying off</u>***

*Another of our believers also came around in these days and reported back on the outcome of some persecution directed to her. Her name is Kariang. Just before we baptized the first group of our believers a "witch doctor" came to her and told her that her children would be cursed and die. This is really very disturbing for the Mengen people who lived in fear of the spirits for many years. She and her family decided not to fall back but to persevere with what they believe is true. They thus continued coming to the teaching, and also got baptized.*



**Lourens en Dave doop een van hulle eerste bekeerlinge. Die man klap sy hande van blydskap**

***They chose to stand up against this man and God protected them and nothing came of his curse.***

Bid saam:

- Volharding vir die werk en vir nuwe gelowiges
- Gesondheid (bly in 'n malaria`gebied en het reeds verskeie kere malaria gehad)
- Dat hulle tyd in Suid Afrika voorspoedig en geseënd sal wees

# Uitreike en Aktiwiteite

## Thomas Dhlamini...




Thomas Dhlamini

... is sedert 1998 op Adullam. Die grootste gedeelte van sy dag bestaan uit Evangelisasie-werk werk wat in die omgewing gedoen word. Thomas, Isaac Khumbande, Phillip Mhindo en Daniël Mhindo preek weekliks by sowat 13 skole in die omgewing. Dit is deel van die "*Let the Children Come*" (LCC) projek. Thomas hou ook gereeld uitreike waar daar dan gepreek word en verskillende videos gewys word. Een keer 'n week hou hy 'n Bybelstudie in Leslie. Na-ure is hy 'n mede-fasilideerder van die Timothy Training® kursus wat op Adullam aangebied word

Bid saam:

- Voorbereide harte waar die Evangelie gebring word
- Geopende deure by die skole waar daagliks gepreek word
- Volharding
- Wysheid om God se Wil in elke situasie te sien en te verstaan

## Isaac Khumbani



Isaac Khumbani

Hy het 'n hart vir Mosambiek en sy mense. Isaac is tans woonagtig op Adullam waar hy betrokke is by prediking en uitreike na die skole in ons omgewing. Sy begeerte is om homself permanent te gaan vestig in Mosambiek in die gemeenskap van ***"Ishopi"*** naby Gondola.

Bid saam:

- Dat God sy paaie sal gelyk maak en die deure sal oopmaak vir hom om te gaan
- Dat God in die harte van Mosambiek se mense sal werk

## "Playgroup & Pre-School" Opleiding

Opleiding dmv SHAPE® en STEP-BY-STEP® Kursusmateriaal word onder leiding van Crista Scholtz aangebied. Gedurende hierdie opleiding word gewillige vroue geleer om op kreatiewe maniere:



**Studente wat die jaarlikse "re-training week" vanaf 27 September - 1 Oktober 2010 suksesvol voltooi het**

* Kinders met die Woord te bedien
* Lesse voor te berei
* Verantwoordelikheidsin te ontwikkel
* Dinge te leer wat 'n goeie onderwyser nooit sê nie
* Stories te vertel
* Les middele te ontwikkel soos plakate ens

Hier volg 'n briefie van een van die vroue wat by 'n onlangse opleidingskurses was (die briefie is nie verander nie en is net so aangehaal):

*"We thank God to broght us at Adullam. We apreciate more love and patient while we are here. We also thank for everyone who help us to grow Spiritual, healthy, Academic and social care. We learn more ways how to bring the little children to the Lord while they are still young. May the Lord Bless Adullam Mission for the nice accomodation. Amen"*



**Een van die studente besig om 'n les aan te bied. Sy moes haar eie lesmateriaal maak.**

Bid saam:

- Vir toegewyde onderwysers wat 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus het
- Insig en wysheid om kinders in nood te kan help

# Algemene Nuus

## Brand



Die brandweer is besig om die vuur te probeer blus

Saterdag, 11 September, brand van die bale wat vir die winter gestoor was, af.  Wanneer ons terugkyk, besef ons dat die skade soveel groter kon gewees het as dit nie vir God se wakende hand oor ons was nie.

Bid saam:

- Sê saam met ons dankie vir God se beskerming oor ons elke dag



Whitman besig om tamaties te verpak

## Tamatieverbouing

Die plukseisoen het begin en ons is dankbaar teenoor die Here vir Sy bewaring en beskerming gedurende die wintermaande.

Bid saam:

- Goeie oes
- Beskerming teen plantsiektes en goggas
- Die tamaties is vanaf September onder nuwe bestuur.  Bid asseblief vir die nodige kennis aangesien dit 'n splinternuwe area vir Frederik Els is.

## Betonomheining

Bid asseblief saam met ons dat die Here vir ons van 'n sterk betonomheining sal voorsien wat die Sendinggronde kan omhein.

# Adullam Christian Academy

## Afdak vir die Bus



Danie help vir Phillip om sement aan te maak

Phillip Schutte is besig om 'n afdak vir die bus op te rig.  Ons is dankbaar vir die finansies wat vir hierdie doel voorsien is.

## All Africa Student Convention (AASC) 2010

12 Leerlinge van ons skool het die afgelope Septembervakansie aan die ACE® All Africa Student Convention in Bloemfontein, deelgeneem.  Die Convention is 'n geleentheid waar Christenskole regoor Afrika bymekaarkom en in verskillende gebiede, hetsy sport, kultuur of ander aktiwiteite, kompeteer.



Senior studente met hulle nuwe skooluniform wat vir die eerste keer gedurende die AASC gedra is

Die leerlinge geniet die tyd en die hierdie jaar was geen uitsondering nie.

***Ons is dankbaar dat hulle veilig terug is en dat ons studente goed kon vaar.***



Senior seuns en skoolpersoneel met hulle AASC paspoorte tydens die Convention in Bloemfontein.
Personeel vlnr: Pieterjan Scholtz (Hoof) Dirk Bezuidenhout